

Mediaverklaring

Afrikaanse ouers moet spring met toelatings op 13 Mei!

2019-04-16

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) moedig Afrikaanse ouers in Gauteng aan om hul kinders by die skool van hul keuse in te skryf, sodra aanlyn-inskrywings vir die 2020-skooljaar op 13 Mei vanjaar oopmaak.

Die Gautengse Departement van Onderwys se bestuursplan vir toelatings vir die 2020 skooljaar is pas aan skole gestuur. Hiervolgens sal ouers van 13 Mei tot 15 Julie hê om voornemende Graad 1 -en Graad 8 -leerders op die aanlynplatform by die skool van hul keuse te registreer. Alle leerders moet teen 30 Oktober in 'n skool geplaas wees.

“Afrikaanse ouers moet leerders by die skool van hul keuse inskryf, sodra registrasies op 13 Mei oopmaak, om te verseker dat Afrikaanse skole se taal van onderrig behoue bly,” sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling aan die SOS. “Weens Afrikaanse skole se kultuur van uitnemendheid is hierdie skole uiters gewild onder Afrikaanse én Engelse leerders. Ouers wat te laat slaap, kan hul kind se plek in die skool van hul keuse verbeur,” sê Buys.

Nuwe regulasies wat in Maart gepubliseer is, beklemtoon dat leerders wat eerste aan 'n bepaalde skool inskryf, die beste kans het om tot die skool toegelaat te word, ongeag die leerder se taal van onderrig. “Dit is daarom van kritiese belang dat ouers wat hul kinders in Afrikaans wil laat onderrig, eerste by Afrikaanse skole inskryf,” sê Buys.

Die departement het verlede jaar probeer oom Engelse leerders in die Hoërskool Overvaal in Vereeniging te plaas, onder die voorwendsel dat hierdie leerders eerste by die skool ingeskryf het. “Flink optrede van Afrikaanse ouers kan die nodigheid vir latere regsaksie voorkom as daar politieke druk op Afrikaanse skole geplaas word om te verengels,” sê Buys.

Aansoeke vir Gr1 en Gr 8 kan vanjaar slegs aanlyn gedoen word. Ouers kon verlede jaar reeds vanaf 08:00 die oggend aanlyn registreer by **gdeadmissions.gov.za**. Buys herinner ouers dat leerders se aanlyn-inskrywing eers voltooi is wanneer ouers harde kopieë van die nodige dokumentasie by die betrokke skool ingehandig het. Die volgende dokumentasie moet binne sewe dae na die aanlyn-aansoek by die skool ingehandig word:

- 'n bewys van die kind of ouer se woon -of werkadres, soos 'n munisipale rekening,
- 'n bewys dat die kind geïmmuniseer is,
- die leerder se vorige rapport indien beskikbaar,
- 'n bewys van ouerskap of voogskap.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Buys maan ouers ook om hul waglysnommer, wat deur die stelsel genereer en per SMS aan ouers gestuur word, veilig te bewaar. Hierdie is die enigste bewys dat die leerder wel by 'n bepaalde skool ingeskryf is.

Die SOS sal voor 13 Mei 'n blitsberaad in Gauteng reël, om die implikasies van nuwe toelatingsregulasies op skole en skole se regte tydens die toelatingsproses, met skoolhoofde te bespreek.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

